NUUS | SAOU | NEWS

NATIONAL | NASIONAAL

Nasionale Kantoor / National Office: Tel: 086 072 6843 | Email/Epos: saou@saou.co.za

18/2016

EVALUERING DEUR LEDE / ASSESSMENT BY MEMBERS

Kwaliteit van SAOU se dienslewering | Quality of SAOU's service delivery

www.saou.co.za

SA AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS
WISKUNDE-IN-AKSIE / MATHEMATICS-IN-ACTION

Wiskundevraestelle word geskryf: **DINSDAG 26 JULIE 2016**	Mathematics paper will be written: **TUESDAY 26 JULY 2016**
Sluitingsdatum vir inskrywings: **VRYDAG 24 JUNIE 2016**	Entry forms to be submitted: **FRIDAY 24 JUNE 2016**
Vir volledige inligting, sien aangehegte dokument	*See attachment for further details*

Navrae / Enquiries Nellie Engelbrecht nellie@akademie.co.za Tel 086-133-3786

Die SAOU streef daarna om die beste onderwysvakbond in Suid Afrika te wees. Ten einde ons diensleweringsmodel voortdurend te verbeter, is dit noodsaaklik om te kan bepaal wat die opinie van lede ten opsigte van verskillende aspekte is en aan die hand van die evaluering, waar nodig verbeteringe daadwerklik aan te spreek.

Kliek hier om verder te lees.

The SAOU strives to be the best teachers' union in South Africa. To enable us to continuously improve our service delivery model, it is imperative to determine how members experience various aspects of our service so that we can effectively address areas of need as expressed in their evaluation.

Click here to read more

Die Noordelike Helpmekaar studiefonds (NHSF)

Die Noordelike Helpmekaar studiefonds (NHSF) bied bekostigbare studielenings wat voornemende studente help om hul drome te bereik.
Kontakbesonderhede: Tel 011 782 9160 / nhsfonds@mweb.co.za
Aansoekvorms is by die kantoor beskikbaar of op die internet by: www.nhsf.org.za
Sien bylae vir volledige besonderhede

SA Akademie vir Wetenskap en Kuns
Soutpansbergweg 92, Riviera, Pretoria 0084
Tel. 086-133-3786; Faks 012-329-0293
www.akademie.co.za

SA Onderwysersunie (SAOU)
Posbus 90120, Garsfontein, 0042
Tel. 012-436-0900; Faks 012-348-9658
www.saou.co.za

15 Junie 2016

AAN DIE HOOF EN VAKHOOF: WISKUNDE

Geagte Hoof en Vakhoof

WISKUNDE-IN-AKSIE VAN DIE SA AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS, IN SAMEWERKING MET DIE SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSERSUNIE (SAOU)

Baie belangrik – verandering van datum!!!
Die datum vir die skryf van die Wiskundevraestel skuif nou na DINSDAG 26 JULIE 2016 ter wille van praktiese reëlings met koerierdienste.

Die afgelope twee jaar se Wiskunde-in-Aksie was besonder suksesvol en daar is baie groot waardering vir elke skool wat deelgeneem het. Ons het baie positiewe terugvoering oor 2015 se Wiskunde-Pretdae wat by die verskillende universiteite aangebied was, ontvang. Die verslag oor die Pretdae word graag vir kennisname aangeheg. Ons vertrou dat u skool vanjaar weer, of vir die eerste keer, sal inskryf en bring graag die reëlings weer onder u aandag.

- Die Wiskunde-in-Aksie vir 2016 vind nasionaal plaas.
- Die leerders skryf die vraestel op **Dinsdag 26 Julie 2016** by hulle skool.
- Die 30 leerders wat die beste in elke streek gevaar het, word daarna na 'n verrykende Jong Einstein Wiskunde-Pretdag wat by ‘n naaste universiteit sal plaasvind, uitgenooi.
- Die Pretdag vind gedurende **10/17 September 2016** plaas in die verskillende streke: Pretoria (UP); Johannesburg (UJ); Potchefstroom (NWU); Bloemfontein (UV); KwaZulu-Natal (UKZN); Stellenbosch (US), Wes-Kaapland (UWK); Wellington (CPUT) en Port Elizabeth (NMMU). Meer inligting hieroor sal later verskaf word.
- Geldpryse: 1ste plek: R1 000; 2de plek: R500 en 3de plek: R250 en 5 x R100 (merietepryse wat op grond van deelname tydens die Pretdag toegeken word).

INSKRYWINGS

(1) Alle graad 6- en graad 7-leerders word genooi om deel te neem. Deelnemers skryf dieselfde vraestel waarvoor géén voorbereiding nodig is nie en ontvang 'n sertifikaat van deelname.
(2) Die koste is R55 per leerder wat deelneem.
(3) Die vraestel word op **Dindag 26 Julie 2016 vanaf 14:00-15:00** geskryf. Elke leerder sal **een (1) uur** gegee word om die vraestel te voltooi.
(4) Die vraestel bestaan uit 40 vrae met meervoudigekeuses en twee langer vragies.
(5) Die inskrywingsvorm moet elektronies voltooi word by die volgende skakel: www.wiskunde.ussdmobile.co.za. Skakel die Akademie of stuur 'n e-pos aan nellie@akademie.co.za indien u skool nie die inskrywingsvorm elektronies kan voltooi nie.
(6) Die **eenmalige inbetalingsbewys** van **al** die leerders moet aan die Akademiekantoor per e-pos gestuur word na akademie@akademie.co.za of nellie@akademie.co.za of faks: 012-329-0293 om ons te bereik nie later nie as **Vrydag 24 Junie 2016**.

Verdere inligting in hierdie verband word in 'n volgende skrywe gemeld.

Belangrike datums:

- **Vrydag 24 Junie 2016:** Eenmalige inbetalingsbewys en inskrywingsvorm moet die Akademiekantoor bereik.
- **Maandag 18 Julie 2016:** Vraestel asook meervoudigekeuse-blad word na skole per koerierdienste gestuur.
- **Dinsdag 26 Julie 2016:** Vraestel word geskryf.
- **Woensdag 27 Julie 2016:** Die antwoordblaaie word deur die sentrumhoof aan die Akademiekantoor gestuur.
- **Woensdag 17 Augustus 2016:** Uitslae word aan skole gestuur.
- **Saterdag 10 of 17 Sept. 2016:** Wiskunde-Pretdag (vir top 30 in elke streek) by verskillende sentra/universiteite soos aangedui.

Belangrike inligting:

- Geen voorbereiding is nodig nie.
- Die toets word binne een (1) uur voltooi.
- Die vraestel sal bestaan uit meervoudigekeuse-vrae met minstens 4 afleiers.
- Kort vrae **moet** ook deur leerders beantwoord word.
- Instruksies sal aan die toesighouer asook leerders op die toetsdag deurgegee word.
- Gebruik van sakrekenaars sal toegelaat word.

Die SA Akademie se bankbesonderhede is soos volg:
Rekeninghouer: S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns – **BTW reg. no.**: 4910124256
ABSA, Brooklyn - Rek. no.: 610 810 004
Takkode: 632 005 – Tjekrekening
Verwysing: Wisk. en u skool se naam

Stuur inbetalingsbewys asseblief na akademie@akademie.co.za of faks (012) 329-0293 om ons in staat te stel om die inbetaling op ons bankstaat te identifiseer.

Ons vertrou dat u hierdie Aksie tot voordeel van u skool se wiskundestandaarde en tot voordeel van die jong wiskundiges sal ondersteun.

Navrae kan gerig word aan Nellie Engelbrecht by nellie@akademie.co.za of tel. 086-133-3786.

FOR ATTENTION THE PRINCIPAL AND SUBJECT HEAD: MATHEMATICS

Dear Principal and Subject Head

MATHEMATICS-IN-ACTION, A PROJECT OF THE *SA AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS*, IN COLLABORATION WITH SAOU (*SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSERSUNIE*)

Important notice – change of date!!!

The Mathematics paper will now be written on **TUESDAY 26 JULY 2016** due to practical arangements with the courier services.

Looking back over the past two years we can declare that the Mathematics in Action has been a huge success and there is much appreciation for every school that has participated. We have had positive feedback about the Maths Fun Days that was held at the different universities in 2015. The report is attached for your perusal.

We trust that your school will again participate, or for the first time, and bring the arrangements to your attention.

- Mathematics-in-Action (*Wiskunde-in-Aksie*) for 2016 takes place nationally.
- Learners write the paper on **Tuesday 26 July 2016** at their school.
- Those 30 learners who perform best in each region will be invited to attend an enriching Maths Fun Day, presented at their closest university campus.
- The Maths Fun Day takes place during **10 and/or 17 September 2016** in the different regions: Pretoria (UP); Johannesburg (UJ); Potchefstroom (NWU); Bloemfontein (UFS); KwaZulu-Natal (UKZN); Stellenbosch (US), Western Cape (UWC); Wellington (CPUT) and Port Elizabeth (NMMU). More information will be provided at a later stage.
- Cash prizes: 1st place: R1 000; 2nd place: R500 and 3rd place: R250 plus 5 x R100 (merit prizes awarded on the basis of participation during the Fun Day).

ENTREES

(1) **All** grade 6 and grade 7 learners are invited to participate in this year. Participants will all write the same paper, for which no preparation is required, and they all receive a certificate of participation.
(2) There is a participation fee of R55 per learner.
(3) The paper is written on **Tuesday 26 July 2016 from 14:00-15:00**. Each learner will have **one (1) hour** to complete the paper.
(4) The paper comprises 40 multiple-choice questions and two short questions.
(5) The entree form must be completed and submitted electronically at the following link: www.wiskunde.ussdmobile.co.za. Please contact the *SA Akademie* or send an e-mail to nellie@akademie.co.za if your school is not equipped to complete the entree form electronically.
(6) Please e-mail a **once-off proof of payment** for **all** the learners simultaneously to the office of the *SA Akademie:* akademie@akademie.co.za **or** nellie@akademie.co.za **or** fax to 012 329 0293 to reach us no later than **Friday 24 June 2016**.

Additional information in this regard will be provided in follow-up correspondence.

Important dates:

• **Friday 24 June 2016:**	Once-off proof of payment and entree form must reach the office of the *SA Akademie.*
• **Monday 18 July 2016:**	Paper and multiple choice answer sheets sent to schools by courier.
• **Tuesday 26 July 2016:**	Paper is written.
• **Wednesday 27July 2016:**	Answer sheets sent to the office of the *SA Akademie* by the subject head of the centre.
• **Wednesday 17 August 2016:**	Results sent to schools.
• **Saturday 10/17 Sept. 2016:**	Mathematics Fun Day (for top 30 in each region) at different centres/universities as indicated.

Important information:

- No preparation is required for the test.
- The test must be completed within one (1) hour.
- The paper will consist of multiple-choice questions with at least 4 distractors.
- Short questions **must** also be answered by the learners.
- Instructions will be given to the supervisor as well as the learners on the day of the test.
- The use of calculators will be allowed.

Banking details of the *SA Akademie*:
Account holder: S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns – **VAT reg. no.**: 4910124256
ABSA, Brooklyn - Account. no.: 610 810 004
Branch code: 632 005 – Current account
Reference: Maths & Name of your school

Please e-mail proof of payment to akademie@akademie.co.za **or** fax to (012) 329-0293 to enable us to identify your deposit on our banking statements.

We trust that this Action will enhance your school's mathematics teaching standards and that it will be to the benefit of all the young mathematicians.

Inquiries may be directed to Nellie Engelbrecht at nellie@akademie.co.za or tel. 086-133-3786.

Kind regards / Vriendelike groete

.....
MNR. HENNIE DE WET
ORGANISEERDER

.....
Dr. DIONē PRINSLOO
(HUB: SA AKADEMIE)

Bekostigbare studielenings

Die Noordelike Helpmekaar studiefonds (NHSF) bied bekostigbare studielenings wat voornemende studente help om hul drome te bereik.

Gebruik hierdie geleentheid om ’n blink en belowende toekoms vir jouself te verseker. Al wat nodig is, is om aansoek te doen vir ‘n studielening.

Die NHSF het al meer as 2 000 studente ondersteun en is ook by die Nasionale Kredietreguleerder geregistreer.

Wie kan kwalifiseer vir ‘n studielening?

- Almal wat in Gauteng, Noord-Wes, die Vrystaat, Limpopo en Mpumalanga matriek geslaag het met minstens 50%;
- Almal wat by ’n instansie wil studeer wat geakkrediteer is by die SA Kwalifikasie Owerheid;
- Almal wat kan voldoen aan die keuringsvereistes van die NHSF (bv. borge wat sekuriteit kan aanbied).

Hoeveel geld is beskikbaar?

- Tot **R60 000** per jaar vir die normale duur van jou studies;
- Bykomende meriete-toekennings word ook van tyd tot tyd aan toppresteerders gemaak.

Hoe word die lenings uitbetaal?

- Uitbetalings word aan die student self gedoen en nie aan die universiteit of kollege nie;
- Geld word in twee paaiemente uitbetaal: 50% van die lening word in Februarie aan jou betaal nadat jy ’n bewys van registrasie by die verkose studie-instansie gelewer het. Die tweede paaiement word betaal wanneer jy jou Junie-uitslae verskaf.

Wat is die rentekoers?

- Prima minus 3 persentasiepunte terwyl jy studeer. Hierdie rente moet maandeliks terugbetaal word;
- Met voltooiing van jou studies verhoog die rentekoers na prima.

Wat is die vereistes?

- Twee borge, hetsy jou ouers / voog of ander bevoegde persoon;
- ’n Borg moet ’n vaste inkomste hê en verkieslik ook vaste eiendom besit;
- Aansoekvorms is by die kantoor beskikbaar of op die internet by: www.nhsf.org.za;
- Saam met jou aansoek is die volgende dokumente nodig:
  - ’n Afskrif van jou ID-boekie
  - Getuigskrifte van jou skoolhoof en predikant.

Aansoeke sluit jaarliks aan die einde van Augustus.

Kontak ons gerus by: 011 782 9160 ■ nhsfonds@mweb.co.za ■ www.nhsf.org.za